

Dis laat skemer, eintlik al donker met net die nagloed van dag in die lug. Op die lang stoep van die woonstelblok skyn die dakligte flou deur die skerms vol goggas en motte. Daar is skaduwees en ligstrepe teen die pilare en die mure en 'n dowwe blok lig op die sementvloer regoor elke klein kombuisvenster langs elke woonstel deur. Dit is koud. Op die stoep staan drie mense. 'n Ouer vrou met gryshare is besig om een van die woonsteldeure oop te sluit. Skuins agter haar staan 'n lang man met 'n tas op wieletjies en 'n ligte drasak oor sy skouer. 'n Paar treë verder, voor die deur van die volgende woonstel, staan 'n jong vrou. Die ou vrou draai die sleutel en stoot die deur effens oop. Terwyl sy oor haar skouer vir die man kyk en iets sê, steek sy haar hand uit en voel langs die muur om die lig in die woonstel se portaal aan te skakel. Die jong vrou leun effens vorentoe asof sy wil nader staan.

Dan stol die toneel. Dit is asof daar nie meer tyd is nie. Die drie figure staan asof hulle geteken is.

Dit word donkerder en kouer en doodstil op die kil woonstelstoep.



Onder in die straat staan 'n man onder 'n jakarandaboom. Hy is deel van die stam se skaduwee. Hy luister stip. Hy hoor 'n dowwe slag. Hy hoor 'n alarm afgaan. Hy hoor die uitroep van mense.

Twee nagte tevore was hy by die woon-

5

Liefde, by mense wat nog baie jonk is, is 'n hartelose saak. Ons drink op daardie ouderdom van dors, of om dronk te word; dit is eers later in die lewe dat ons onself besig hou met die individualiteit van ons wyn.

Isak Dinesen

Carolien was sestien toe sy in daardie Augustus 'n gevorderde musiekeksamen moes speel. Dit het beteken dat die gesin nie soos gewoonlik in die winter vir vakansie na 'n warmer deel van die land, Wildtuin toe of Suidkus toe, kon gaan nie. Sy sou moes oefen en ekstra musieklesse kry. Haar pa se voorstel was dat hulle vir tien dae plaas toe gaan om van die koue op die Hoëveld weg te kom. Hy sou reël dat Carolien by die buurplaas gaan oefen en daarna was nog byna vyf weke oor voor die eksamendatum. Daar sou dus genoeg tyd wees vir die finale afronding.

Die plaas waar haar pa grootgeword het en waar 'n neef van haar toe geboer het, was aan die noordekant van die Magaliesberg. As die familie op die plaas gaan kuier het, het hulle altyd tuisgegaan in 'n kleiner huis waar jong plaasvoormanne vroeër gewoon het. Die huis het half onder 'n magtige wildevyboom gestaan. Bedags het hulle onder die boom geboer en saans tot laat buite gesit en gesels. Dan het haar pa en haar neef saam saag

gespeel. Haar lewe lank sou die swewende klank van 'n musieksaag haar aan daardie bosveldaande onder die swart lug vol sterre herinner.

Carolien moes van die tweede oggend af begin oefen. Sy het van die vaal huisie af weggestap met die son op haar skouers en kop en met haar musieksak in haar hand – onder die wildevyboom uit, verby die wynbome met hulle knoetsige stamme so dik soos rondawels en tussen die lemoenboorde deur. Al met die sanderige grondpad af, deur die driffie met die spoelsand in dik wit riewwe oor die pad se loopvlak, verby die swart skool waar die kinders nie toe vakansie gehad het nie en waar hulle haar oor die draad heen nuuskierig aangekyk het.

Carolien het tot in daardie stadium van haar lewe met min ontwrigting of hartseer te make gehad. Die ergste waarvan sy geweet het was haar oom wie se klere by die droogoond op sy tabakplaas vlam gevat het. Hy was haar ma se broer en is 'n paar dae later aan sy brandwonde dood. Sy het hierdie oom van haar nie goed geken nie en sy was toe maar tien. Van sy dood en begrafnis sou sy nie veel onthou nie. Dit was veel minder ontstellend as die aand, wat sy nooit sal vergeet nie, toe haar ouer suster *Largo* van Händel op die klavier gespeel het en hulle ma, altyd so kalm en in beheer van haarself, skielik hardop en hartstogtelik begin huil het terwyl sy oor en oor sê: “Dit was te swaar, dit was 'n té swaar manier om dood te gaan” en toe tussen die roosbome en die dahlias in die donker gaan staan en haar hart uitgehuil het terwyl haar twee dogtertjies verslae in die sitkamer bly sit het.

Die huis van die buurplaas het teen 'n helling gestaan. Aan die een kant van die pad na die huis toe was 'n lemoenboord en aan die ander kant 'n boomlaning. Tussen die boord en die pad was 'n ry bougainvilleas geplant, groot bosse helder kleur. Die huis se breë stoep was blink en swart en die bokant van die stoepmuurtjie was ook met swart gepoleerde teëls afgewerk. Op die stoep was witgeverfde houtstoele met bont geblomde kussings. Dit was 'n warm en kleurvolle wêreld waarin sy haar bevind het.

14

Ek onthou sy het vir my 'n storie vertel, regtig 'n treurige verbaal, van 'n baie ou apie wat allerhande toertjies kon doen en wat aan 'n ou Armeniër met 'n straatrorrel behoort het. Die apie se eienaar het gesterf en hy wou steeds graag sy toertjies doen. Hy het bly wag dat iemand die regte woorde sê om hom te laat begin, maar niemand het die sleutewoorde geken nie.

Isak Dinesen

'n Maand na die uitsending van die dokumentêr oor gesigrekonstruksie begin Amanda Louw krielwrig raak.

Hierdie vrou is besig om my aan 'n lyntjie te hou, dink sy. Sy het my 'n storie belowe maar ek gaan haar nie lek om vir my haar geskiedenis te vertel nie, as daar ooit 'n storie is wat die moeite werd is! Sy kan wees wie sy wil, maar in my bedryf werk ons vinnig en op die punt af.

Om Carolien beter te begryp en hanteer, begin sy op die internet soek na voorbeelde van Carolien se skilderye. Sy kry dit maklik want die kunsskool het 'n webwerf waarop die dosente en studente se werke bekendgestel word. Daar is ook 'n skakel na Carolien se eie webwerf toe waar nog meer en ook ander skilderye te sien is.

Wat sy ook al verwag het, verras die skilderye haar. Carolien

maak meestal groot en eenvoudige werke, met opvallende oop plekke op die doek. Die meeste werke is landskappe, maar daar is ook stillewes en figuurstudies. Daar is een skildery wat vir Amanda besonder mooi is.

Dit is 'n ver en diep landskap, die heuwels op die horison kwalik meer as 'n strepie wat in die verte wegraak. Die landskap is leeg en gestroop, 'n grasveld met net een groot donga wat van die regterkant af in die landskap in loop. Op die voorgrond links is 'n vrouefiguur wat in die landskap in stap. Sy loop teen die lig in. Die figuur is in lig omlyn.

Amanda merk op dat in heelparty skilderye die figure van agter geskilder is. Almal beweeg in ruimtes in, in 'n landskap in, in 'n laning in, in 'n vertrek in.

Die stillewes is byna minimalisties, groot plat vlakke van lig en skaduwee en swaar kwashale by die voorwerpe. Omdat sy nie veel weet van skilderye nie, gaan praat sy met die redakteur wat die kunsprogramme hanteer. Saam kyk hulle na die werke op 'n groot rekenaarskerm.

“Ja, ek ken Carolien du Plessis se werk. Sy is nie beroemd of een van die grotes nie, maar haar werk is altyd goed deurdag.”

“Die skilderye is vir my mooi. Dit spreek my aan en laat my dink. Nie dat ek weet presies wat of waarom nie,” sê Amanda en beskou die skerm met 'n skewe kop.

“Haar werk lyk toeganklik en verkoop relatief goed,” sê haar kollega. “Maar ek dink altyd daar sit meer agter die eenvoud. Die een eienskap van haar werk waaroor altyd gepraat word, is dat sy mense van agter af skilder. Vir my lyk dit of sy mense uitbeeld asof hulle op pad is iewers heen. Die stillewes sal nou ook nie internasionale versamelaars op haar laat afstorm nie, maar dis goeie werke, goeie struktuur, goed uitgevoer en sag op die oog.”

Amanda voel asof sy nou beter bewapen is om Carolien vir 'n volgende program te probeer ompraat. Sy bel na Carolien se kantoor toe en nooi haar vir koffie.